Vaalpark NG Kerk Geloofsfamilie

# Gebedsbulletin No. 13 van 2025

## 30 Maart 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Wees die Here se lig, al word jy nie waardeer nie

"Omring jouself net met mense wat jou waardeer. Maak daardie mense jou vriende wat aan jou die nodige erkenning gee wat jy verdien." Hierdie idee dat almal jou respek en erkenning skuld en dat jy jou moet onttrek aan diegene, wat dit nie aan jou bewys nie, is baie populêr in ons dag. In 2025 gaan jy so gereeld in sulke idees vasloop dat jy sou kon dink dit staan op elke tweede bladsy van die Bybel. Wel, dit doen nie!

Vanjaar gaan jouself gereeld bevind tussen mense wat ander waardes en beginsels as jyself aanhang. Hulle gaan jou definitief nie ophemel nie. Hulle gaan nie dink jy is die smaak van die week nie. Moenie hulle summier afskryf en padgee nie. Moenie in jou eie geestelike seepbel leef nie. Dan verskraal jy jou kans om die Here se lig in die wêreld te weerkaats. Dan verskraal jy jou invloed. Leef volgens die Here se standaarde van waarheid, integriteit en liefde op elke plek waar jy jouself bevind. Wees orals met integriteit aanwesig. Weet dat Jesus jou vertrou met Sy evangelie, veral op daardie plekke waar jy onderwaardeer word. Jy wag nooit op ander se erkenning en respek, en dan beantwoord jy dit dan met respek en erkenning van jou eie terug nie. Jy bewys respek, al ontvang jy niks terug nie. Jy doen goed, al word jy soms ingedoen. Jy leef met liefde, al word dit in jou gesig teruggegooi. Jy volg die roete van Jesus. Dit vra van jou 'n kruis om 'n kruis te dra. Dit kos jou soms vernedering en seerkry, maar dit is die regte pad. Dit is Jesus se goeie pad. O ja, Hy stap altyd hier saam met jou.

***Geskryf deur Stephan Joubert***


## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Danie Theron
Carin Wilsenach
Anna Chandler
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oosthuizen
Wikus Holtzhausen
Jan Viljoen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Karen Meyer

Theo Prinsloo
Sunel van Sittert
Juanita Rossouw
Winny Meyer
Elma Swart




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in